# KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB
# GRONDWET

**LET WEL: Hierdie is die nuwe Grondwet van die Klein Karoo Voetslaanklub soos gewysig en goedgekeur deur die lede van die Klub by die Algemene Jaarvergadering gehou op 27 Januarie 2023.**

**1. NAAM**

Klein Karoo Voetslaanklub (hierna genoem die Klub)

**2. EMBLEEM**

Die amptelike embleem van die klub lyk soos volg:

**3. DOEL**

Gesonde buitemuurse ontspanning en waardering vir die natuur deur middel van voetslaan en ander buitemuurse aktiwiteite (kyk ook die beskrywing in die Gedragskode).

**4. HOOFKWARTIER**

Die hoofkwartier sal die persoonlike adres van die verkose voorsitter wees, totdat 'n permanente hoofkwartier gevestig mag word.

**5. LIDMAATSKAP**

5.1 Gewone lede: Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik op die aansoekvorm gedoen word, waarna die Bestuur dit sal oorweeg.

5.2 Lewenslange ere-lidmaatskap: Lede mag tydens 'n algemene vergadering enige lid as 'n erelid aanwys, volgens die diskresie van die Bestuur.

**6. VOORWAARDES VIR SENIOR LIDMAATSKAP**

6.1 Lidmaatskap word toegestaan ooreenkomstig die voorgeskrewe aansoekvorm, of deur voorstelling deur 'n bestaande lid of lede.

6.2 Voornemende lede sal 'n vrywaring teen enige eise onderteken en onderneem om die bepalings van hierdie grondwet na te kom.

6.3 Lidmaatskap sal toegestaan word aan senior lede van 18 jaar of ouer.

6.4 Lidmaatskap is onderhewig aan betaling van neergelegde ledegeld.

**7. VOORWAARDES VIR JUNIOR LIDMAATSKAP**

7.1 Dieselfde intreevoorwaardes as vir senior lede is van toepassing, met die uitsondering van die minimum ouderdomsbepaling.

7.2 'n Junior lid moet ten minste agt (8) jaar oud wees.

7.3 Junior lede het geen stemreg nie.

7.4 Die intreefooi en jaargeld van 'n junior lid (of pro-rata daarvan) sal die helfte van dié van 'n senior lid wees.

7.5 Wanneer 'n junior lid die ouderdom van agtien jaar bereik, sal hy/sy onmiddellik as senior lid toegelaat word.

**8. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

8.1 Wanneer jaarlikse ledegeld nie voor 30 Junie betaal word nie, mag die Bestuur 'n lid se lidmaatskap met 14 dae kennisgewing beëindig.

8.2 Enige lid se lidmaatskap kan deur 'n meerderheidsbesluit van die Bestuur beëindig word indien so 'n lid na die oordeel van die Bestuur

8.2.1 skuldig is aan ernstige wangedrag wat die goeie naam en/of gees van die Klub skaad, of wat 'n verleentheid vir die Klub word; en/of

8.2.2 skuldig is aan 'n ernstige verbreking van hierdie grondwet.

8.3 Enige lid wie se lidmaatskap in die weegskaal is, is geregtig om sy saak voor die Bestuur te verdedig.

8.4 Intreefooie of ledegeld is nie terugbetaalbaar nie.

8.5 Enige klagte van wangedrag moet skriftelik aan die Bestuur voorgelê word.

**9. FOOIE**

9.1 Intreefooie, jaarlikse ledegeld en gastefooie sal van tyd tot tyd bepaal word by 'n algemene vergadering. Jaarlikse ledegeld sal saamval met die finansiële jaar van die Klub.

9.2 Persone wat gedurende die tydperk 1 Januarie tot 30 Junie aansluit, betaal 'n volle jaar se ledegeld asook die volle intreefooi. Persone wat gedurende die tydperk 1 Julie tot 31 September aansluit, betaal die helfte van die jaarlikse ledegeld plus die volle intreefooi. Persone wat gedurende die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember aansluit, betaal slegs die volle intreefooi.

**10. NIE-LEDE**

10.1 Lede mag nie-lede na algemene vergaderings, insluitend die algemene jaarvergadering saamnooi.

10.2 'n Toerleier mag 'n nie-lid die reg weier om aan 'n uitstappie deel te neem.

10.3 Alle nie-lede sal gastefooie, soos van tyd tot tyd vasgestel, betaal en 'n vrywaringsvorm onderteken wanneer hulle aan aktiwiteite van die klub deelneem.

10.4 Ná die eerste uitstappie van 'n aanvaarde nie-lid, sal die betrokke toerleier die Bestuur inlig oor die aanvaarbaarheid van die voornemende lid.

**11. SAMESTELLING VAN DIE BESTUUR**

11.1 Die Bestuur bestaan uit:
Voorsitter
Ondervoorsitter
Sekretaris
Tesourier
Twee addisionele lede

11.2 Die Bestuur word jaarliks by 'n algemene jaarvergadering deur die senior lede van die Klub verkies vir 'n ampstermyn van tot en met die volgende algemene jaarvergadering. Die verkiesing sal soos volg plaasvind:

11.2.1 Nominasies vir bestuurslede kan tot en met die begin van die algemene jaarvergadering ingedien word.

11.2.2 Verkiesing van die bestuurslede vind in die volgende volgorde plaas: eers die voorsitter, daarna die ondervoorsitter, tesourier, sekretaresse en die twee addisionele lede.

11.2.3 Bestuurslede word deur ʼn meerderheidstem van lede teenwoordig by die AJV verkies.

11.3 'n Twee-derde meerderheid van lede teenwoordig by 'n spesiale algemene vergadering mag besluit om die bedanking van een of meer van die lede van die Bestuur te versoek. Die vakatures wat sodoende ontstaan sal dan gevul word op 'n wyse soos deur sodanige algemene vergadering besluit.

11.4 Enige vakatures wat gedurende die ampstermyn mag ontstaan sal deur middel van stemming by die volgende algemene vergadering gevul word.

11.5 Enige lid van die Bestuur wat vir drie agtereenvolgende vergaderings sonder die goedkeuring van die Bestuur afwesig is, verloor sy ampsposisie op die Bestuur.

**12. KWALIFIKASIES VAN DIE BESTUUR**

12.1 Die Bestuur sal die amptelike verteenwoordiger van die Klub wees en sal in ooreenstemming met hierdie grondwet alle nodige reëlings tref vir die behoorlike funksionering van die Klub, insluitende samewerking met ander klubs en organisasies.

12.2 Die Bestuur sal 'n program vir uitstappies en Klubvergaderings vir die kalenderjaar opstel en sal verantwoordelik wees vir die uitvoering daarvan tot die einde van sy ampstermyn.

12.3 Die Bestuur is geregtig om besprekings te maak en deposito's te betaal, op voorwaarde dat voldoende fondse beskikbaar is.

12.4 Die Bestuur sal algemene vergaderings belê en kennisgewings van die tyd, datum en plek, asook die agenda, ten minste 7 dae voor die vergadering aan elke lid kommunikeer.

12.5 Die sekretaris/sekretaresse sal notule neem by algemene vergaderings.

12.6 Voor enige uitstappie sal die Bestuur 'n ervare lid van die Klub as toerleier aanwys.

12.7 Met die oog op werwing, sal die Bestuur homself vergewis van gaste en uitstappies waaraan hulle deelgeneem het.

12.8 Die Bestuur sal lidmaatskap in ooreenstemming met hierdie grondwet toeken of beëindig.

12.9 Die Bestuur sal kontrole uitoefen oor die bates van die Klub en sal 'n toerustingbeampte aanwys wat 'n inventaris sal hou. Die Bestuur sal hierdie inventaris jaarliks nagaan.

12.10 Die Bestuur sal 'n tjek-, spaar- of ander rekening by 'n erkende finansiële instelling open. Enige twee aangewese persone van die Bestuur, wat óf die tesourier óf die voorsitter van die Klub moet insluit, sal tekenmagtiging hê.

12.11 Behoorlike rekord sal gehou word van inkomstes en uitgawes, en kwitansies sal uitgereik word (ook aan gaste en toerleiers) vir alle geld wat deur die Bestuur ontvang word. Geld wat ontvang word, sal in die Klub se rekening gedeponeer word volgens die diskresie van die tesourier. Kwitansies moet verkry word vir alle geld wat spandeer word. Enige lid het die reg tot insae in die finansiële state by enige algemene vergadering.

12.12 Die Klub se finansiële jaar sal van 1 Januarie tot 31 Desember wees, waarna alle finansiële state geouditeer sal word.

12.13 Die Bestuur sal geregtig wees om aankope te doen en kapitaaluitgawes aan te gaan tot 'n maksimum van 80% van die jaarlikse inkomste uit ledegeld, waarna goedkeuring van 'n algemene vergadering verkry moet word.

12.14 Die Bestuur sal riglyne verskaf vir 'n tarief betaalbaar deur passasiers aan motoreienaars vir vervoer na en van 'n uitstappie.

12.15 Die Bestuur sal besluit oor 'n gastefooi betaalbaar deur nie-lede wat aan uitstappies van die klub deelneem. Die eerste uitstappie van ʼn nie-lid saam met die klub is gratis.

12.16 Die Bestuur sal geregtig wees om addisionele lede vir spesifieke *ad hoc* vereistes tot die Bestuur te koöpteer. Hierdie lede sal slegs daardie Bestuursvergaderings bywoon waarheen hulle genooi word.

**13. BESTUURSVERGADERINGS**

13.1 Die voorsitter sal alle Bestuursvergaderings belê deur ten minste 7 dae vooruit kennis aan alle verkose lede te gee.

13.2 Die Bestuur sal ten minste een keer per kwartaal vergader.

13.3 Vier verkose lede van die Bestuur sal 'n kworum vorm.

13.4 Besluite, behalwe ten opsigte van verlenging of beëindiging van lidmaatskap, sal deur 'n gewone meerderheidstem bekragtig word. Gekoöpteerde lede het slegs 'n stem ten opsigte van die saak waarvoor hulle gekoöpteer is.

13.5 Notules van Bestuursvergaderings word gehou.

**14. ALGEMENE VERGADERINGS**

14.1 Die Bestuur sal algemene vergaderings reël in ooreenstemming met 12.4.

14.2 Die Bestuur sal ten minste een algemene jaarvergadering gedurende sy ampstermyn belê.

14.3 Die bestuur sal op skriftelike versoek van ten minste 10% van die lede binne 15 dae na ontvangs van so 'n versoek 'n algemene vergadering belê.

14.4 Die voorsitter van die Bestuur sal die voorsitter van 'n algemene vergadering wees, en die ondervoorsitter in sy afwesigheid, of in beide se afwesigheid sal die vergadering 'n voorsitter aanwys.

14.5 Alle geregistreerde lede, uitsluitende junior lede, sal stemreg hê.

14.6 Stemgeregtigde lede van die klub teenwoordig by ’n algemene vergadering, insluitend die algemene jaarvergadering, sal 'n kworum vorm.

14.7 Besluite, uitsluitende dié rakende die grondwet, ontslag van Bestuurslede of die ontbinding van die Klub, sal geskied deur 'n gewone meerderheidstem van lede teenwoordig. Die genoemde uitsluitings vereis 'n twee-derde meerderheidstem van lede teenwoordig.

14.8 'n Algemene vergadering mag uitgawes magtig bykomend tot enige bedrae wat by 'n algemene jaarvergadering goedgekeur is.

14.9 'n Algemene vergadering sal oor die algemeen besluite neem oor sake rakende die Klub, sy beleid en aktiwiteite.

**15. ALGEMENE JAARVERGADERINGS (AJV’s)**

15.1 Die algemene jaarvergadering sal gehou word gedurende Januarie of Februarie van elke jaar.

15.2 Die volgende sal onder andere op die sakelys van die algemene jaarvergadering verskyn:

15.2.1 Jaarverslag en verslag oor Klubtoerusting.

15.2.2 Finansiële verslag (geouditeer volgens 12.12). Beide 15.2.1 en 15.2.2 moet op skrif wees om deel van die notule te vorm.

15.2.3 Die vasstelling van intreefooie en jaarlikse ledegeld.

15.2.4 Goedkeuring van die bedrae wat die nuwe Bestuur mag spandeer.

15.2.5 Verkiesing van 'n nuwe Bestuur (kyk 15.4).

15.3 Die algemene jaarvergadering sal die volgende bedrae vasstel wat deur die Bestuur spandeer mag word:

15.3.1 Die bedrae van deposito's vir uitstappies wat meer is as 50% van die bestaande totale bedrag in die klub se bankrekening(s).

15.3.2 'n Bedrag vir lopende uitgawes en klein aankope van toerusting.

15.3.3 Bedrae vir spesifieke of kapitaalaankope.

**16. UITSTAPPIES EN TOERLEIERS**

16.1 'n Klubuitstappie is 'n uitstappie gereël deur of met die goedkeuring van die Bestuur, op voorwaarde dat die deelnemers die kostes van die uitstappie betaal, soos bepaal deur die Bestuur.

16.2 Die Bestuur sal 'n toerleier vir elke uitstappie aanwys (kyk 12.6) en hy/sy moet hom-/haarself vergewis van die reëlings vir die uitstappie, die terrein en die roete.

16.3 Alle lede is geregtig om aan alle uitstappies deel te neem, behalwe waar die grootte van die groep deur die Bestuur beperk word, of onder omstandighede soos genoem in 16.4.

16.4 Sou 'n toerleier weier dat 'n lid aan 'n uitstappie deelneem, moet hy/sy die Bestuur inlig (vir bespreking by die volgende Bestuursvergadering). So 'n lid mag sy/haar saak voor die Bestuur stel.

16.5 Wanneer die aantal persone per uitstappie beperk word, kry lede voorkeur. Ná die sperdatum kan nie-lede toegelaat word om oorblywende plekke te vul.

16.6 Die toerleier sal homself vergewis dat alle nie-lede 'n vrywaringsvorm onderteken het.

16.7 Die toerleier sal verseker dat gastefooie en deposito's, waar nodig, verkry word en soos nodig oorbetaal word.

16.8 Die toerleier sal verseker dat lede die nodige kampeer- en ander nodige toerusting, saamneem, ooreenkomstig die aktiwiteit, en dat die nodige noodhulptoerusting saamgeneem word.

16.9 Die toerleier help met die koördinering van vervoerreëlings, besluit oor die roete wat gevolge moet word en waar om te oornag.

16.10 Die toerleier sal elke dag 'n agterstapper reël en stappe neem vir veiligheid tydens en die gladde verloop van die uitstappie. Die agterstapper behoort verkieslik die noodhulptoerusting te dra.

16.11 Geen lid van die toergroep mag die gesag van die toerleier ondermyn of op 'n stemmery aandring nie. So 'n lid kan sy lidmaatskap verloor. Niemand mag die toergroep verlaat sonder die toestemming van die toerleier nie.

16.12 Na afloop van elke uitstappie sal die toerleier 'n kort skriftelike verslag, wat 'n kort beskrywing van die roete sowel as die name van lede en gaste wat deelgeneem het, insluit, aan die Bestuur oorhandig. Hy is verantwoordelik vir die terughandiging van alle kampeertoerusting wat aan die klub behoort, indien enige, aan die toerustingbeampte.

**17. KLUBTOERUSTING**

17.1 Klubtoerusting mag slegs vir amptelike Klubuitstappies gebruik word (kyk 16.1), of in uitsonderlike gevalle deur senior lede gehuur word met goedkeuring van die Bestuur. Sulke lede sal verantwoordelik wees vir die toerusting en moet dit in 'n goeie toestand terugbesorg. Die toerustingbeampte aangewys deur die Bestuur sal alle toerusting hou.

**18. REGSPERSOON**

18.1 Die Klub is 'n regspersoon en daarom

18.1.1 geniet die Klub lewenslange opvolging sonder inagneming van die verandering van sy lidmaatskap;

18.1.2 is die Klub die alleeneienaar van alle bates en fondse, en geen bates of fondse is die eiendom van enige lid van die Klub nie;

18.1.3 het die Klub geen winsmotief nie;

18.1.4 is die Klub bevoeg om as eiser of verweerder in enige hof te prosedeer of om namens enige lid van die Klub op te tree rakende die doelwitte van die Klub; en

18.1.5 is die aanspreeklikheid van 'n lid beperk tot die inbare ledegeld.

**19. VRYWARING**

19.1 Alle lede en gaste (nie-lede) neem op hulle eie risiko aan uitstappies deel en onderneem om geen eis wat mag voortspruit uit die uitstappie teen die Klub of enige van sy lede in te stel nie.

19.2 Buiten die voorgaande, sal lede en gaste 'n skriftelike vrywaring indien, ondersteun deur 'n ouer of voog in die geval van 'n minderjarige.

19.3 'n Uitstappie sluit in alle aktiwiteite vanaf die ontmoeting van die groep by duie eerste versamelpunt, tot met die uitmekaargaan van die groep ná die aktiwiteit.

**20. INTERPRETASIE VAN DIE GRONDWET**

20.1 Sou enige twyfel bestaan of ontstaan oor die korrekte interpretasie van hierdie grondwet of die reëls en regulasies van die Klub, sal die interpretasie van die meerderheid van die Bestuur aanvaar word as die finale en bindende interpretasie.

**21. WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

21.1 Geen wysiging van hierdie grondwet sal gemaak word behalwe deur 'n twee-derde meerderheid van opbetaalde lede teenwoordig by algemene vergaderings nie (ook 'n spesiale algemene vergadering wat vir dié doel belê is).

21.2 Skriftelike voorstelle deur 'n lid, gesekondeer deur 'n lid, vir die wysiging van hierdie grondwet moet die Bestuur bereik ten minste 14 dae voor die algemene jaarvergadering waar dit bespreek sal word, en die Bestuur moet so 'n voorstel ten minste 7 dae voor die betrokke vergadering aan elke lid by sy laaste bekende adres pos of e-pos.

21.3 'n Wysiging van die grondwet word onmiddellik van krag nadat dit by die algemene vergadering goedgekeur is.

**22. ONTBINDING VAN DIE KLUB**

22.1 In die geval waar die prosedure neergelê in 21.2 gevolg is, is 'n twee-derde meerderheid van stemgeregtigde lede teenwoordig by 'n algemene vergadering geregtig om te besluit om die Klub te ontbind.

22.2 By ontbinding van die klub sal alle bates van die klub tot geld gemaak word en saam met die fondse in die klub se bankrekening(s) aan die Suid-Kaap-tak van die Bergklub van Suid-Afrika oorgemaak word. Die Bestuur sal in beheer bly totdat al die bates van die Klub verkoop is, alle skuld van die Klub betaal is en die oorblywende fondse aan die Suid-Kaap-tak van die Bergklub van Suid-Afrika oorbetaal is.

Hierdie grondwet is gewysig en goedgekeur by die algemene jaarvergadering van die klub op 27 Januarie 2023.

____________________________ ____________________________

**VOORSITTER** **SEKRETARESSE**

**DATUM:** 27 Januarie 2023